# <u>Die Here is hier … ook!</u>

Gen 28vs 16

Ons het gesing: *"God is hier teenwoordig…"* **Waar** is die "hier" waar God teenwoordig is – net hier in die kerkgebou? Is daar 'n plek waar Hy NIE teenwoordig is nie? Ons weet van baie mense wat al in hul nood gevra het: *"Waar is God?"* Ons wat bely dat Hy wel teenwoordig is, kan 'n mens dit ook *sien en beleef*? Dit wil voorkom asof die koerante en media baie meer berig oor die teenwoordigheid van **die Bose** as van God!

SKRIFLESING: **Gen 27:41-45; 28:10-22**

**DIE GEVOEL VAN GODVERLATENHEID**
Jakob het die nag daar in die oop veld seker nie net rond gerol omdat dit nogal ongemaklik moet wees om met jou kop op 'n klip te moet slaap nie! (regte kussing nb! Neem oral saam - oorslaap)
**Jakob vlug vir sy lewe**. Hy het op groot skaal droog gemaak en pluk nou die bitter vrugte daarvan. Hy was skuldig aan *bedrog en sameswering* en aan *disrespek* teenoor sy ou, blinde vader. Hy het ander se **swakheid** vir sy eie gewin uitgebuit – eers het hy sy broer se honger gebruik om sy eersgeboortereg te kaap en daarna het hy sy pa se blindheid uitgebuit om sy broer se seën te steel. Hy was 'n *selfsugtige, hartelose opportunis*.

**Nou is hy op sy eie in 'n eensame, onherbergsame gebied.** Daar is niemand by wie hy vir oornagplek kon aanklop nie. Meer nog: Vlgs daardie dae se geloof het elke gebied sy eie gode gehad. Verlaat jy dus jou land, laat jy nie net jou mense agter nie, maar ook die gode wat jy daar gedien het. Hy was *van mens EN God verlate* – so het hy gedink.

**Daar is seker baie mense wat hulle vandag goed met Jakob sou kon vereenselwig**: gevangenes in tronke, mense wat net vir hulself en eie voordeel geleef het en nou die bitter gevolge dra. Mense wat uitgestoot en verwerp is deur eertydse vriende en familie. Maar dit kan ook mense wees wat om **ander redes** swaarkry en van God en mens verlate voel – hulle het miskien hul werk verloor, het 'n liefdesteleurstelling gehad, voel 'n mislukking, is uit hul huis gesit, ly weens siekte, is uitgebrand. Dit voel vir hulle hulle het in 'n **doodloopstraat** beland, *die hemel* het bo hulle toe gegaan en alles om hulle heen is *nag*.
**Watter gevoelens** sou Jakob ervaar het terwyl hy daardie nag na die sterre lê en opkyk het? Was dit *heimwee, selfverwyt, berou, selfbejammering, woede* teenoor God of sy ma of sy broer of homself? Was hy *mismoedig* oor die pad vorentoe? Hoeveel van **ons** was nie dalk ook al op so 'n plek in ons lewe nie? Hoeveel **ander rondom ons** bevind hulle nie daar nie; moet saans slappille drink

net om darem so ‘n bietjie rus te kry en om tydelik van hierdie gedagtes en gevoelens verlos te kan word?

**‘N VERRASSENDE ONTDEKKING**

**Daardie nag droom Jakob**. *“Ja, dit was seker ‘n nagmerrie wat hy gehad het”*, sal ‘n mens verwag. Maar allesbehalwe. Waar hy gedink het die **pad** vir hom doodloop, gaan daar vir hom ‘n pad na die hemel toe oop! Waar hy gedink het die **hemel** is vir hom gesluit, sien hy engele op en af langs ‘n leer beweeg. Waar hy van mening was dat hy **God** agter gelaat het, sien hy die Here by hom staan. Waar hy en ons ander sou verwag dat die Here hom sou **bestraf**, herhaal Hy aan hom sy beloftes van vroeër: van ‘n land en ‘n groot nageslag, en Hy voeg boonop nog daaraan toe dat Hy hom nooit in die steek sou laat nie. Hy sou hom beskerm en tot ‘n seën maak vir ander. (“Di moet meer oor die sonde preek!”)

**Dit was die een verrassing op die ander**. “So iets kan net in drom gebeur,” sal ‘n mens dink. Maar toe Jakob daar **wakker** word, het hy geweet dat dit nie ‘n gewone droom was nie. Hy het ‘n ontmoeting met die Here gehad! Daaroor was daar by hom nie die minste twyfel nie. En niemand was meer verbaas daaroor as hy nie! Luister weer na sy woorde: “*Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.”* (:16) Dit is niks anders as die *huis van God* nie; dit is die *poort van die hemel*! (:17) Hy noem dit toe ook so: **Bet-El,** wat “huis van God” beteken.

Na daardie ontmoeting het Jakob geweet God is nie net *tot een gebied beperk* nie. Ons weet vandag Hy is oral teenwoordig, soos wat ons in Ps 139 lees: (:7-10).

Jakob neem die **klip** by sy kop en sit dit regop en salf dit met olie en noem dit ‘n tempel. Dit moes hom en vir ander *herinner* aan God se teenwoordigheid. Gemeente, **ons kerkgebou en kerktoring** is ook so ‘n herinneringsteken dat God hier teenwoordig is. Ons kom Hom elke Sondag hier ontmoet sodat ons weer versterk die res van die week in sy teenwoordigheid kan gaan lewe. Ek wil byna sê hierdie is ‘n *gekonsentreerde*, bedoelende ‘n *skerp gefokusde* belewenis van ‘n ontmoeting met God. Dis wat ‘n **erediens veronderstel** is om te wees: ‘n Ontmoeting met die lewende God. Hierdie ontmoeting het die aard van ‘n *gesprek* waar Hy praat en sy gemeente antwoord. Hy is nie hier <u>meer</u> teenwoordig as op ander plekke nie, maar hierdie is een van die plekke waar ons dit *sterker ervaar*, miskien ook omdat ons meer op Hom ingestel is. My *binnekamer* kan ook so ‘n plek wees, of iewers buite in die *natuur*.

**Jakob is daardie nag deur die ontmoeting versterk** vir die onbekende, gevaarlike pad vorentoe. Hy het **geleer** dat *God getrou* is aan sy Woord, selfs al is ons ontrou; dat Hy ons nie net *altyd wil straf* nie, maar ons wil bemoedig en aanmoedig wanneer Hy sien dat ons behoefte daaraan het. Jakob het sekerlik al skuldig genoeg gevoel dat God nie nodig gehad het om hom ook nog aan te spreek oor sy sonde nie.

Met **Jesus se koms** het God se teenwoordigheid in die wêreld natuurlik **'n nog groter werklikheid** geword. Hy is genoem Immanuel, wat "God met ons" beteken. En **na sy hemelvaart** het Hy die HG gestuur om by ons en in ons te kom bly. Kinders van die Here is individueel en gesamentlik 'n **tempel van die HG**.
*"Waar is God teenwoordig?"* het ons gevra. Die **antwoord** is: In gelowiges. Dit beteken:

**ONS KAN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD VIR ANDER 'N GROTER WERKLIKHEID MAAK**

Ons het gepraat van mense in die tronk, hospitaal, op straat, mense wat bedruk, eensaam, verstote, mismoedig voel; **wat miskien wonder**: *"Waar is God?"* **Wat dalk meen**: *"God het my verlaat; Hy het van my vergeet; Hy het my nie meer lief nie."* Jy en ek kan hulle help om te **ontdek** soos wat 'n Jakob toe dit nag was in sy lewe, ontdek het: God is hier by my teenwoordig! Deur Christus, immanuel, vir hulle te wees. Ons is mos **sy liggaam**.
**Hoe kan** kinders van die Here die teenwoordigheid van God in hierdie wêreld vir ander 'n groter werklikheid maak? Deur bv 'n *bemoedigende of waarderende woord* tot so iemand rig, '*n gebed* vir die persoon te doen of 'n *Skrifgedeelte* te gee;
Of ook deur 'n *helpende hand* na sulke mense toe uit te steek (1 Petrus 2);
Deur aan diesulkes 'n *luisterende oor* te gee; deur *selfverloënende gedrag* soos Jesus s'n was; deur hulle *te vergewe*, of deur jou *eerlikheid en integriteit, jou nederigheid* – dis dinge wat mense veral onder sekere omstandighede kan **verras** en laat besef: God is hier waar ek my bevind - en ek het dit nie besef nie!
**Petrus:** *"So kan God sy hand deur julle na ander uitsteek en kan ander sy hand deur julle voel." (*1 Petrus 2:5c Die Boodskap)
Ons is immers **beelddraers en verteenwoordigers van God!**
Amen.

NADENKE

Ons is die afgelope tyd herinner aan **wie ons as kerk is**:

1. Bruid van Christus
2. Verteenwoordiger van God
3. Beelddraer van God
4. Tempel van die Heilige Gees
5. Liggaam van Christus

Watter aspek van kerkwees word in elk van hierdie beelde beklemtoon?
By watter beeld vind jy die meeste aanklank?